Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 10 | Kaapstad, 18 Julie 1951 | Prys 3d. | Nr.33

# Engelse Prys Dr. Malan Nou

## Volg Nou V.P. Se Beleid Sê Lawrence

**Die stelling dat dr. Malan net soos genl. Smuts en genl. Hertzog voor hom die statebondskonneksie bewaar en die minder redelikes van sy volgelinge red van 'n afsakking in Boere-isolasie, word deur die invloedryke Britse blad The Economist gemaak. Tot 'n byna soortgelyke gevolgtrekking kom mnr. H. G. Lawrence in die Cape Argus van 14 Julie.**

Die Economist verwys na die afgelope parlementsitting met al die strydwekkende maatreëls waarin daar sprake was van burgeroorlog, maar meen dat indien daar ooit sprake van 'n burgeroorlog sal wees, dit sal gaan oor die vraagstuk van republikanisme. Hierdie strydwekkendste van alle Suid-Afrikaanse sake, loer om elke hoek. Die blad verklaar dan dat daar 'n diepe ontevredenheid bestaan oor die Britse kritiek op Suid-Afrika „met die gevolglike begeerte om die bande deur te knip en die onafhanklikheid van die Unie met die een of ander dramatiese handeling voor die wêreld af te kondig. **So diep is hierdie gevoel onder die meer ekstremistiese Nasionaliste dat dr. Malan dit reeds nodig gevind het om sy eie posisie opnuut te verduidelik.**

„Hy het verklaar dat antibritse gevoel alleen nie 'n goeie grondslag vir republikanisme is nie, maar dat 'n republiek alleen kan kom met die toestemming nie net van die Afrikaners maar ook van 'n redelike aantal Engelssprekendes en nadat die volkswil eers behoorlik getoets is."

Ten slotte sê die blad dat dr. Malan ook die republikeinse konsepgrondwet van 1941 verwerp het.

**„Snaaks genoeg is dit nou die taak van hierdie Afrikanerstaatsman—net soos dit die taak van Smuts en Hertzog voor hom was—om die bande van die Statebond te handhaaf en die minder redelikes van sy volgelinge te red van 'n afsakking in Boere-Isolasionisme."**

### Het Saf Geword

**Dr. Malan se verklarings tydens die afgelope sitting bied interessante getuienis van die vooruitgang wat hy sedert die aanvaarding van sy hoë amp gemaak het in die rigting van reoriëntasie van Nasionale beleid ten einde dit meer in ooreenstemming met dié van die Verenigde Party te bring, skryf mnr. H. G. Lawrence in sy weeklikse politieke oorsig in die Cape Argus.**

„Daar bestaan geen twyfel nie dat die eerste minister aansienlik sagter geword het met die verloop van jare en die las van verantwoordelikheid. **In sy amp staan hy kop en skouers bo sy kollegas uit en hy het baie gedoen om te vergoed vir die onbesonnenhede wat sy leierskap bederf het tydens die 15 jaar wat die Nasionale Party in die politieke woestyn verkeer het.**

**„Hy het uiteindelik 'n realis geword en gevolglik besef en erken watter doodsgevaar dit vir Suid-Afrika is om geïsoleerd te staan in 'n gevaarlik en omgekrapte wêreld.**

**„En so het ons die bemoedigende toestand gekry, wat die afgelope sitting openbaar is, van eenstemmigheid tussen die regering en die opposisie in verband met die feit dat die Midde-Ooste ons onmiddellike strategiese verdedigingsfront moet wees."**

---

## BELANGRIKE VERGADERINGS VAN O.B.

**Baie belangrike beraadslagings deur die leiers van die Ossewabrandwag sal aanstaande maand plaasvind wanneer die uitvoerende komitee van die Kaaplandse Beheerraad in Kaapstad en die uitvoerende raad van die Grootraad in Potchefstroom vergader.**

**Die Kaapstadse vergadering sal vroeg in Augustus plaasvind sodat die Kaaplandse verteenwoordigers in staat sal wees om die vergadering van die U.R. wat teen die middel van Augustus in Potchefstroom gehou sal word, by te woon.**

# STALIN VERSIT MAAR NET VAN KOREA NA PERSIË

**Dr. Otto Strasser gee onderstaande beskouing in verband met die vredesonderhandelings in Korea en die Russiese oogmerke in die algemeen:**

**Die meeste mense voel nogal gelukkig daaroor dat die balansstaat in Korea met die stelling kan begin dat dit nog die enigste van sy soort is — met uitsondering natuurlik van die „klein oerwoud-oorloë" in Agter-Indië wat reeds jare lank aan die gang is. Wat die oorlog in Korea self betref, is die openbare mening nog steeds ontstel oor die feit wat deur genl. Bradley aan die lig gebring is dat die Amerikaanse verliese in Korea vir die jaar in die omgewing van 150,000 man te staan kom.**

**Totdat hierdie onthulling in die senaatskomitee gedoen is, het die Truman-regering nog steeds die indruk probeer skep dat die Amerikaanse verliese maar rondom die 70,000 is, en die pers het hierdie verliese nog in geringskatting gebring deur die oordrywing van die kommuniste se verliese wat gemiddeld twintig tot dertig maal hoër as die Amerikaanse opgegee is.** Hierdie propagandistiese oordrywing wat selfs in die ernstige Amerikaanse blaaie geskied het, is ten skerpste deur genl. MacArthur verwerp toe hy op die vraag van Demokratiese McMahon ondubbelsinnig verklaar het: **„Ek sou sê dat die gesamentlike verliese wat ons die vyand toegedien het, ongeveer in die verhouding van 3 tot 1 staan met ons eie verliese."**

Die propaganda-slenter het ontstaan deur dat die pers eerstens alleen die Amerikaanse verliese bekend gemaak het en nie ook die veel hoër verliese van die Suid-Koreaners nie, en tweedens dat in verband met die Amerikaanse verliese alleen die slagveld-verliese ten gevolge van vyandelike optrede opgegee is en nie die verliese as gevolg van bevriesing, siekte, ongelukke, ens. nie, wat die gesamentlike slagveld-verliese vrywel oortref.

### VOORWAARDES

In verband die voorgestelde vredesonderhandelings kan aangeneem word dat Moskou en Peking minstens op die volgende voorwaardes sal staan: Noord-Korea bly kommunisties, Rooi Sjina sal toegelaat word om deel te neem aan die vredesonderhandelinge met Japan, Rooi Sjina verkry 'n setel in die V.V.O. en ontvang die eiland Formosa na die vredesluiting met Japan. **Dit spreek vanself dat sulke voorwaardes 'n dubbelsinnige oorwinning vir Peking en Moskou sou beteken.** Indien die dramatiese MacArthur-strydvraag enige gevolg gehad het, dan is dit ongetwyfeld dat selfs die militêre spreekbuise van die Truman-bewind tans die noodsaaklikheid erken dat Formosa uit die hande van die kommuniste gehou moet word. Die moontlikheid bestaan dat die vraagstuk van Formosa nog onbeslis gelaat sal word indien Rusland Peking daartoe sal kan dwing.

### RUSSE SE SPEL

**In verband daarmee het daar reeds sekere voelhorings in Frankryk en Skandinawië verskyn wat wil voorgee dat Moskou bereid sal wees om die nodige druk op Sjina uit te oefen**

> *'n Wereldoorsig deur Dr. Otto Strasser*

**indien Washington sal afsien van die bewapening van Duitsland en sy inlywing by die Westerse verdedigingstelsel.** Hierdie gerugte kan nie sonder meer opsy geskuif word nie, want die voorkoming van Duitsland se herbewapening en sy inlywing by die Westerse verdedigingstelsel bly die A en Z van Moskou se politiek. **Ten einde hierdie oogmerk te bereik, sal Moskou sonder twyfel bereid wees om hoewel nie self nie, nogtans sy satelliete te dwing om toegewings te maak.** Want sonder Duitsland bly die hele sogenaamde Westerse verdedigingsfront in Europa maar net 'n stukkie papier en die res van die Europese vasteland bly uitgelewer aan die genade van Moskou.

### NIE DADELIK NIE

Hierby is dit nie alleen moontlik nie, maar selfs waarskynlik dat Rusland vir die onmiddellike toekoms geen regstreekse aanvalsplanne ten opsigte van Wes-Europa koester nie — **veral daar hierdie gebied vir hom veilig is solank daar geen sterk Duitse leër as damwal teen 'n Russiese opmars dien nie.** Dit bly dan maar net 'n vraag vir die Russiese algemene strategie of en wanneer die opmars deur die Duitse niemandsland sal geskied. Hierdie taktiek van Moskou het nog boonop die voordeel dat Frankryk en Engeland aan die slaap gesus sal word deur die gevoel van „veiligheid" wat 'n onbewapende Duitsland bied aan die een kant en die afwesigheid van 'n Russiese opmars aan die ander kant. Die langdurige konferensie in Parys het getoon dat Moskou hierdie tema in steeds nuwe variasies spin en dat daar gewillige ore in Parys en Londen is om dit op te vang.

### MIDDE-OOSTE

Hierdie algemene strategie van Moskou — om in Europa die bewapening van Duitsland in alle omstandighede te belet en hom daar nog 'n tydjie rustig te gedra en as prys daarvoor sekere toegewings deur Peking ten opsigte van Korea te maak, sal vir hom nog makliker wees indien hy intussen nie alleen sy eie bewapening, veral op die gebied van atoomwapens en -afweerwapens, vervolmaak nie, maar ook in ander wêrelddele oes-moontlikhede skep. **Dit geld veral die Midde-Ooste in die algemeen en vir Persië in besonder. In hierdie belangrike teater vir 'n Engels-Russiese wêreldoorlog het daar danksy Rusland se afwagtende houding groot moontlikhede vir hom gekom. Terwyl Persië voorheen sterk anti-Russies was, het die onversetlike Britse imperialistiese houding in verband met die olievraagstuk 'n hoogs gunstige toestand vir Rusland geskep.** Die volk en regering van Persië is tans hewig anti-Engelsgesind en vasberade om enige gewelddadige optrede van Britse kant met geweld te beantwoord. Juridies en kragdadiglik ondervind Persië hierin die steun van Rusland, wat selfbewus op die agtergrond bly, maar hom nietemin voorberei om sy regte te gebruik kragtens die Russies-Persiese verdrag van 1921 waarvolgens Russiese troepe in Persië toegelaat sal word sodra troepe van 'n ander moondheid daar voet aan wal sit. **Wat Korea aan aktualiteit gaan verloor, sal Persië of Birma, Duitsland of Joego-Slawië wen. En die beslissing daaroor lê in die hande van Moskou.**

## Kommuniste In Departement

**Nog meer bewyse dat die Amerikaanse departement van buitelandse sake deurspek is van kommunistiese elemente wat die Amerikaanse buitelandse beleid beinvloed, soos deur ons buitelandse medewerker Ski in vorige bydraes beklemtoon is, het verlede week aan die lig gekom toe minister Acheson op 'n perskonferensie erken het dat 'n aantal amptenare in die departement geskors is kragtens die wet op lojaliteit en veiligheid. Hy wou egter nie sê hoeveel nie.**

**Onder die van wie dit bekend is dat hulle geskors is, is 'n seun van dr. Grady, die Amerikaanse gesant in Persië, waar daar op die oomblik 'n kwaai diplomatieke stryd tussen die Weste en Rusland woed.**

# ERKEN WARE OORSAAK VAN STRYD TEEN O.B.

„Een van die uitstaande kenmerke van die afgelope parlementsitting was die verlies van vertroue in die Verenigde Party om ‚die goedere te lewer,' wat 'n verklaring bied vir die opkoms van group captain A. G. Malan en kommandant Dolf de la Rey. Die Nasionale Party het dieselfde ondervinding tydens die oorlog gehad toe die volk vertroue in hom verloor het en agter die Ossewabrandwag aan geloop het.

„En wat 'n taak het ons gehad om die gemors later weer op te ruim!"

**Bostaande woorde is gebesig deur 'n senior-lid van die redaksie van Die Burger, mnr. P. J. Cillie, toe hy verlede week 'n byeenkoms van die Institute of Citizenship in Kaapstad toegespreek het.**

**Dit openbaar nogeens die ware motief wat daar agter die H.N.P.-leiding se stryd gesit het toe die volk opgerui is om uit die Ossewabrandwag te bedank omdat laasgenoemde dan met genl. Smuts sou skakel, maar terselfdertyd ook teen genl. Smuts wou rebelleer!**

**Die volk het agter die Ossewabrandwag aangeloop en vertroue in die H.N.P. verloor. Daardie vertroue in die party moes toe herstel word deur wantroue teen die Ossewabrandwag te saai!**

**Toe daar gesê is dat die O.B. nazisties en selfs (by monde van mnr. Eric Louw) kommunisties is, was dit maar net „opruiming van die gemors" waarin die H.N.P. beland het omdat die volk vertroue in hom verloor het!**

DIE O.B., WOENSDAG, 18 Julie 1951

# MAK OLIFANTE

Die berig dat die Britse regering meer as tevrede is met die militêre bydrae wat die Suid-Afrikaanse minister van verdediging op die Londense verdedigingskonferensie van die Britse Statebond aangebied het — so tevrede dat die B.B.C. dit selfs 'n paar maal uitgesaai het — moet ons volk tot nadenke stem. Daar is nasionaalgesindes wat oor hierdie Empire-verdediging nie baie gelukkig voel nie, maar wat hulself troos met die gedagte dat dit 'n nasionale regering is wat die verpligtinge aangaan en dat alles daarom in orde is. **Maar dit is juis hier waar die gevaar lê. Daar is prinsipieel geen verskil hoegenaamd tussen die beleid van wyle genl. Smuts in 1939 en dié van die huidige Malan-bewind in 1951 nie. Daar is alleen die verskil dat waar slegs 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking destyds bevrees was vir 'n „Duitse bedreiging", die oorgrote meerderheid blankes vandag in ons land bevrees is vir 'n „Russiese bedreiging." Maar as dit in 1951 nodig is om diep, ja baie diep in die Britse Empire-verdedigingstelsel in te kruip omdat Suid-Afrika klaarblyklik deur Rusland bedreig word, watter reg het 'n Nasionalis om die Smutsbewind te verwyt dat hy ons in 1939 aan Engeland se oorlogswa vasgekoppel het omdat hy toe geglo het dat Duitsland 'n gevaar vir Suid-Afrika is?** Dit help nie om te sê dat Duitsland wel geen gevaar was nie. Daar is mense, selfs in die parlement, wat volhou dat Rusland ook geen gevaar vir Suid-Afrika vandag is nie.

**Wat nou gedoen word deur ons nasionale regering is om 'n streep te trek deur die Afrikaner se prinsipiële standpunt ten opsigte van Britse Ryksverdediging, en juis omdat dit 'n nasionale regering is, wat vertrou word deur die volk, is hierdie optrede so gevaarlik.**

## VERDER AS SMUTS

En ons nasionale regering gaan veel verder as genl. Smuts. Waar laasgenoemde voor die uitbreek van die oorlog nooit van 'n ander oorlogsterrein as Afrika gepraat het nie, en maar eers later namate hy deur sogenaamde „militêre noodsaak" daartoe gedwing is, troepe buite Afrika gestuur het, verkondig ons nasionale regering nou al as aanvaarde beleid dat Suid-Afrika die Midde-Ooste vir die Empire sal verdedig **en wel in veel groter mate as enige ander dominium, en volgens min. Erasmus self, op 'n veel groter skaal as wat genl. Smuts in die vorige oorlog Suid-Afrika se vermoë ingespan het.**

**Met hierdie soort beleid word ons volk heeltemal gespeen van sy tradisionele houding teenoor die Empire — daardie beleid wat dr. Malan en sy partygenote nog gedwing het om in 1939 so hard te praat teen die Britse vlootbasis in Simonstad, maar waarvan ons sedert 1948 niks meer verneem nie.**

Maar ons het nie hier te doen met blote kortsigtigheid soos sommige republikeine blykbaar meen nie. **Ons het hier te doen met doelbewuste beleid.** Dit is tog immers ten duidelikste deur die eerste minister sedert sy terugkeer uit Londen in 1949 gestel dat hy voortaan „in enige omstandighede by die Statebond wil bly." Selfs as ons 'n republiek sou kry, moet daardie republiek 'n lid van die Britse Statebond wees — 'n Statebond wat dan ook nie meer „Brits" genoem mag word nie uit vrees dat dit republikeinse reaksie kan uitlok. **Wanneer mnr. Erasmus Suid-Afrika in Londen dus stewiger inweef by die Britse Empire-verdediging as wat genl. Smuts ooit gedoen het, dan is dit nie maar net 'n verbygaande geleentheidsoptrede nie, soos baie Nasionaliste blykbaar glo nie. Dit is doelgerigte beleid wat vir die toekoms aanvaar is.**

## VEEL GEVAARLIKER

En ons herhaal: hierdie vasknoping van ons volk aan die Britse Empire is veel gevaarliker as dié van Smuts omdat ons huidige regering die rol van mak olifante speel. Terwyl die meerderheid van die volk nog republikeins is en anders 'n protesterende stem sou verhef het, vertrou hulle nou hul leiers wat so af en toe darem nog die woord „republiek" in die mond neem, al is dit maar net om dit 'n paar dae later weer in te sluk, soos min. S. P. le Roux 'n paar weke gelede. **En die opkomende geslag wat anders eintlik tot versterking van die republikeinse stroom sou gedien het sodat ons later nie net 'n republikeinse ideaal nie, dog die republiek self sou hê, word deur hierdie saamskakeling met die Empire heeltemal „versap." Waar die jeug in die verlede die republikeinse speerpunt was, vind ons dan ook dat dit veral die H.N.P.-jeug is wat vandag die bande met die Empire vergoelik met dieselfde argumente van „beskerming", „nuwe statebond", ens., waarmeen die Sappe van weleer hul beleid verdedig het.**

Afgesien van die feit dat dit neergelegde beleid van die eerste minister is om ons binne die Empire te hou, en dus aan Empire-verdediging deel te neem, wil dit ook voorkom of die regering weens die kwaai kritiek van anti-britsheid wat hom al die jare voor die kop geslinger is, nou hierdie kritiek wil afwas deur blyke van groter lojaliteit jeëns Brittanje as sy voorgangers te openbaar. **Ons vind hierdie neiging reeds in die naarstigheid waarmee die H.N.P.-leiding die eerste die beste Engelssprekende wat hulle die hande op kan lê tot kandidaat of hoofbestuurslid bevorder, soos die**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**gevalle Macleod en Wynne getuig. Dit val dan ook op hoe kabinetsministers tydig en ontydig daarmee te koop loop dat Suid-Afrika meer Britse immigrante invoer as ander nasionaliteite.** Nog verlede week weer het mnr. Ben Schoeman in Holland — nogal Holland! — Brittanje genoem as die eerste land waarvandaan ons graag immigrante begeer.

**Die prys wat ons volk uiteindelik gaan betaal vir hierdie skoonwassery van die aanklag van anti-britsheid, is die republiek — tensy republikeine betyds wakker skrik en tot doeltreffende optrede oorgaan.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Moenie Swaarder Belastings Hef nie*

'n Leser uit Stellenbosch, wat die beskeie handvatsels „Uil" verkies, stel voor dat inkomstebelasting heeltemal afgeskaf word en dat in die plek daarvan 'n seëlbelasting gehef word. Hy skryf:

„Ek waardeer jou rubriek baie — dit is interessant en gee nogal baie inligting. Derhalwe wil ek ook graag 'n bietjie help as ek kan.

„Dit sou baie interessant wees om sekere onderwerpe te neem en die beskouings van verskillende lede van die publiek daaroor te verneem.

„Minister Havenga het gesê dat hy die middel-inkomstegroep moet waarsku dat hy hulle swaarder gaan belas. Dit mag nogal nodig wees want die hoër-inkomstegroep wil al nie meer produseer nie, want hulle sê hulle betaal te veel belastings. Daar is ongetwyfeld niks nie wat 'n mens meer hinder as om 'n maand se salaris af te gee aan inkomstebelasting. Ek wil byna so ver gaan om te sê dat met inagneming van die hoë lewenskoste, niemand 'n vorm behoort in te vul as hy nie £2000 skoon verdien nie.

### *Wat van 'n Seëlbelasting?*

„Sou dit dan nie beter wees om liewer 'n seëlbelasting in te voer op tjeks en kwitansies vir salaris-ontvangste nie? Ook vir alle inkope en verkopinge. Byvoorbeeld 'n boer kry sy woltjek van 'n £1000 en daar is 'n £50 seëlbelasting op en ou aia Fya kry haar £1/10/- per maand en daar is 'n seël ter waarde van 1/7 op die kwitansie. Ek gaan koop 5/- se lekkers en daar is 'n 3d. seël op my rekening. Die groot handelaar koop vir £140 en daar is 'n £7 seël op, en Sybrand van Die Os op Die Esel koop sy pak klere vir £25 en daar is 'n £1/5/- seël op die rekening.

„Nou ja, dan bly daar nog net superbelasting oor en almal is gelukkig want niemand rook minder omdat hy 10 pennies vir seëls op elke sigaretpakkie moet betaal nie of ry minder omdat hy 1/3 aan seëlbelasting op 'n gelling petrol betaal nie.

„As u nou hierdie stelling sou verwys na 'n ekonoom, 'n besigheidsman, 'n onderwyser, 'n predikant en aan die man in die straat — so 'n soort Gallup-toets — sal dit baie interessant wees om almal se gevoelens daaroor te kry — en u leserskring sal miskien daardeur vergroot word want almal sal tog bly wees om hul name in die koerant te sien.

„Ek sal u nog meer sulke kontensieuse geskrifte stuur."

Wat dink my lesers van „Uil" se voorstel? Indien inkomstebelasting afgeskaf word, sal die boere dan meer of minder belastinggeld in die staatskas stort? Ek weet nie. En wat van die salarisman en die loontrekker? Sal hulle beter of slegter daaraan toe wees? En hoe sal dit die handel affekteer? Ek stem saam met my leser: dit sal besonder interessant wees om die „belastingbetaler" se mening te verneem. Wie stem vir „Uil" se seëlbelasting en wie stem vir Oom Klasie se inkomstebelasting?

### *Betaling Wat Hulle In Die Oog Gehad Het*

„Vader van Agt," een van my lesers uit Middelburg, Transvaal, praat sy hart uit oor die „parlementsmense" wat hulle eie salarisse verhoog terwyl hul kiesers alleen die las van die hoë lewenskoste moet dra. Hy vertel ook sommer van die wors wat oorlede Siener van Rensburg oor die parlementstoele in Kaapstad sien hang het . . . . Hy skryf:

„As gevolg van die berigte dat die parlementsmense hulle eie salarisse nou weer so hoog opgestoot het, voel ek of ek 'n tirade kan opskop, en ek sou graag wou weet wat die reaksie van die werkende bevolking — of liewers die salaris- en loontrekkers van die land is.

„As mens alles in aanmerking neem, d.w.s. die verskriklike swaar bestaanslewe van vandag, waar elke salaris- en loontrekker nie net gebuk gaan onder die bittere las van hoë lewensduurte nie, maar ook onder die druk van belastings, dan wonder mens hoe ons „wetmakers" dit oor hulle harte gekry het om die druk op die bevolking so swaar te maak, en wat uiteindelik die gevolge gaan wees.

„Natuurlik gun ons hulle ook hulle brood. Ons gun hulle ook die betaling wat hulle in die oog gehad het toe hulle verkies wou word, en ons gun hulle hul inkomste, want ons verwag nie dat hulle daar ver van hulle huis en besighede af moet werk sonder betaling nie, maar dat dit op so 'n skaal moet geskied en dit net om ses maande per jaar in die Pr[illegible]thuis bymekaar te kom „om wette te maak," dit gun ons hulle nie. Al die L.V.'s, senatore en ministers is ryk en gegoede persone, meeste van hulle met geen of klein gesinnetjies, elkeen met hulle florerende besighede en boerderye, en om nog uit die belastingbetalende bevolking se suurverdiende inkomste sulke abnormale salarisse en toelaes te kry, is, wreed, en om nog daarby grootliks vry te wees van inkomstebelasting . . . !

„Ek gesels nou die dag met 'n partyman oor hierdie saak. ‚Ja,' sê hy, ‚maar onthou, hulle 's almal hoogs verantwoordelike persone, en as hulle nie ordentlike salarisse kry nie, mag hulle omkoopbaar word . . . '

### *Moet Glo Omkopery Verhoed*

„Nouja, dis die soort argumente wat mens kry, waar die eie party verdedig moet word. Die gesprek het verder gegaan en ek het maar stilgebly, want ‚wiens brood ik eet, wiens woord ik spreek.'

„Maar nou vra ek: As hulle vir die bietjie werk daardie hoë salarisse moet trek, met al die voordele van toelaes, belastingsverligting en pensioene, terwyl die hardwerkende deel van die volk, die salaris- en loontrekkers, oor die algemeen vér minder ontvang en hoër belasting moet betaal, is ons wetmakers nie besig om van die volk kommuniste te maak nie? Is hulle nie besig om sommige van die oorsake van die Franse Rewolusie weer te laat herleef nie?

„En met dit alles word nog gepraat van hoër belastings, VERAL ONDER DIE LAERBETAALDE GROEPE.

„‚Ons bou 'n Volk,' of ‚Ons moet 'n Volk bou: 'n gesonde, lewenskragtige volk . . . ' Dis die leuse, nee, die krete wat mens gedurig hoor uit die monde van juis daardie hoë salaristrekkers. Is dit 'n wonder dat mens nie meer groot gesinne onder die volk kry nie? Terwyl die parlementsmense gedeeltelik van belastings vrygestel word, word die belastings oneweredig onder die volk verdeel, net soos die lewenskostetoelaes ongelyk en onregverdig aan die volk uitgedeel word, want ek, met 'n groot gesin, kry net soveel of minder aan toelaes as die persoon met dieselfde of 'n hoër salaris met een, twee of geen kinders of afhanklikes nie.

### *Wors Oor Die Stoele*

„Vir die opbou van die land is gewoonlik geen geld beskikbaar nie. Ons Konsentrasiekamp-kerkhowe verander in puin en woesternye. Ons kinders lê in 'n groef en moet net leer wat voorgeskryf word: daar is geen of baie min fasiliteite om iets anders by te leer. Ons kulturele lewe moet op sy eie bene staan en sien om self te floreer: die bietjie staatshulp is gering. Ons moet in pondokke en agterbuurtes en blikkiesdorpe gaan woon, want daar is nie huise nie. Ons hele volkslewe verval in 'n moeras, want ‚die skatkis is leeg.' Ons moet altyd hoër en hoër belastings betaal aan die staat, aan die provinsies en aan die munisipaliteite. Ons moet van die hand na die mond lewe; ons moet ons kinders veronreg in die lewe omdat ons nie alles kan bekostig nie en op 'n lae lewenspeil moet lewe, en intussen word die ‚wetmakers' se salarisse immernog verhoog, pleks dat daar gestrewe word na groter en gesonde gesinne. Waarom nie toelaes gee vir elke kind sodat groot gesinne aangemoedig kan word nie?

„‚Ek sien 'n vark hang aan die haak in Londen. Dan word wors gemaak en dit hang oor die parlementstoele in Kaapstad. My volk eet daarvan . . ' Moet daardie gesigte van die oorlede Siener van Rensburg op hierdie saak toegepas word?

„Nee, Oom Sybrand, ek sê, 'n stukkende wawiel hou net tot die laaste dag toe. 'n Mens kan 'n leer net tot by die hoogste sport klim."

### *Hy Soek 'n Setel!*

My leser se verwysing na die wors wat in Brittanje gemaak 's en wat oor die parlementstoele in Kaapstad hang, vind ek vreeslik vermaaklik omdat dit so raak is. Nie om die nek van elke parlements**lid** hang daar 'n £1400-wors nie, maar oor elke parlement**stoel** — ongeag wie daarin mag sit!

Dis nie die **man** wat tel nie, maar die **stoel.** Dis nie die **lid** wat belangrik is nie, maar die **setel.**

Die arme kiesers van 'n kiesafdeling kry deesdae mos nie geleentheid om 'n lid uit hul midde te kies om hulle in die parlement te gaan verteenwoordig nie. Nee, een of ander boetie van 'n politieke party word sak-en-pak in 'n kiesafdeling afgelaai. Die kiesafdeling soek nie die man nie. Nee, die man soek die kiesafdeling, want die kiesafdeling verteenwoordig 'n stoel in die parlement en oor die stoel hang 'n £1400-wors.

(Vervolg op bls. 3. kol. 1.)

## Die Scandrett-Onthullings

# HOE „DRIE GROTES" MET DUITSERS WOU AFREKEN

### Skokkende Oogmerke Van Morgenthau - Plan

**Dit was op 2 Augustus 1945 dat Clement Attlee, eerste minister van Engeland, en Harry Truman, president van Amerika, in Potsdam 'n voorstel ingedien het dat alle Duitsers en persone van Duitse afkoms, in Oos-Europa die land moet verlaat.**

**Die voorstel van Attlee en Truman is deur die oorwinnaars aangeneem en dadelik voltrek.**

**Toe die Potsdam-ooreenkoms opgestel was en die oorwinnaars moes teken, het Rusland 'n sekere paragraaf geweier. Dit het gehandel oor die verdrywing van 15 miljoen Duitsers uit die land.**

**Natuurlik het die Russe nie uit liefde vir die Duitsers geweier nie, maar net om politieke redes. Rusland was van plan om deur weiering ('n geskikte skaakset), die Amerikaners en Engelse as die skuldiges te belas.**

**Rusland het die reëling oor die verdrywing van die Duitsers aanvaar en op sy satilliete aangedring om dit so spoedig moontlik te voltooi.**

**Op die bevel van Attlee en Truman is 15 miljoen Duitsers gedurende die nag van huis en hof verjaag. Van die 15 miljoen is 3 miljoen doodgeslaan en brutaal vermoor.**

#### WREEDHEID BOTVIER

Vrouens en meisies is verkrag, hulle borste afgesny, die maag oopgesny en die ingewande uitgehaal. Klein kinders is uit die vensters gegooi en babas is teen mure doodgeslaan.

Mans se tonge is uit hulle monde gesny, hul liggame vermink en hulle is bewusteloos aan bome en lanternpale vasgebind, met lampolie en petrol nat gegooi en aan die brand gesteek.

Die skuim van die ondermensdom het met hoongelag die weerlose Duitsers bymekaar gedryf, hulle met dwang ontbloot en toe die naakte mense uit die dorp gejaag.

### Deur Ski

Dit was 'n baie wrede daad, wat die sinnebeeld was van die Sadistiese Nero in Rome.

Daar was niemand wat die onreg kon verhoed nie, want al die smaad, misdaad en moord is gepleeg onder die dekmantel van die Potsdam-ooreenkoms. En die ooreenkoms is geteken deur die eerste minister van Engeland, Attlee en Truman, die president van Amerika.

#### DEEL VERSWYG

Die vaders van die Potsdam-ooreenkoms het baie goed geweet dat as die inhoud van die ooreenkoms in sy geheel bekend word, die wêreld teen sulke brutaliteit sal protesteer. Om hierdie rede het hulle net 'n deel van die ooreenkoms aan die wêreld bekend gemaak.

Maar Rusland het groot belangstelling daarby gehad dat die paragraaf van die verdrywing van die 15 miljoen Duitsers bekend moes word. So het die wêreld dus 'n jaar later die hele inhoud en daarmee die volle waarheid te hore gekom. 'n Stroom van protes teen die Potsdam-ooreenkoms het deur die hele wêreld ontwikkel. Truman en Attlee gebruik toe die lafhartige ekskuus dat hulle met dié paragraaf maar net wou verhinder dat die Duitsers in die hande van Rusland val.

#### PLAN LAAT VAAR

Die wêreld het egter glad nie hierdie verdraaiing geglo nie en Amerika en Engeland is toe gedwing om die berugte Morgenthau-plan te laat vaar.

Die Morgenthau-plan is 'n idee wat die verwoesting en uithongering van Duitsland en sy volk beoog. Die plan is gebou op die gedagte en denkbeelde van Baruch.

Morgenthau, 'n leerling van Baruch, het al die gedagtes en kwaadwillige uitbarstings van sy meester teen Duitsland opgeteken en later as 'n plan teen Duitsland aan Roosevelt voorgelê.

Die plan is deur sowel Roosevelt as Churchill goedgekeur en deur albei as 'n amptelike plan teen Duitsland, onderteken.

#### ONTHULLINGS

Maar die wêreld sou miskien nooit geglo het dat Truman en die Amerikaanse regering bereid was om die Morgenthau-plan uit te voer nie. Sekere hoofamptenare het egter die naakte waarheid aan die lig gebring. Die leier van die Amerikaanse afvaardiging van die herstelbetalings - kommissie in Moskou was 'n Jood, Isadore Lubin, gebore in Pole. Voordat Lubin die hoof van die bogenoemde kommissie geword het was hy 'n lid van Roosevelt se „Brainstrust." Die plaasvervanger van Lubin, ook 'n Jood, was 'n sekere R. B. Scandrett jnr. Scandrett het, voordat hy na Moskou vertrek het, 'n eetmaal vir sy vriende gereël. By hierdie geleentheid het hy gepraat oor wat die Amerikaanse departement van buitelandse sake en die Russiese departement van binnelandse sake besluit het om met Duitsland te doen.

Hy het gesê dat die wêreld vanaf 1945 deur Amerika en Rusland oorheers sal word.

Engeland is geheel en al buite rekening gelaat. Amerika en Rusland het nie in die minste aan Engeland se begeertes gehoor gegee nie.

#### OOGMERKE

Daar sal nooit weer 'n Duitsland as 'n wêreldmag wees nie. Duitsland sal net uit 4 provinsies bestaan onder beheer van (1) Amerika, (2) Engeland, (3) Frankryk, (4) Rusland.

Die herstelbetalings-kommissie van die Verenigde Volke in Moskou sou besluit hoeveel mense in Duitsland nodig is om die landbou te bewerk.

**Alle mans tussen 15 en 35 jaar wat nie nodig was vir die landbou nie, sou in slawe-bataljon moes dien.**

**Amerika en Rusland behou die reg om die slawe na enige deel in die wêreld te stuur maar veral na Rusland.**

**Elke Duitser, ongeag sy opleiding en posisie (selfs predikante) sou verplig word om in die slawe-bataljone te werk.**

Die lewenspeil in Duitsland sou afgebring word tot dié van die boere in Siberië. Daar sou geen fabrieke meer in Duitsland wees nie.

Amerika en Rusland het besluit om geen lewensmiddel na Duitsland te stuur solank as wat ander lande die kos nodig gehad het nie.

Amerika en Rusland het gemeen dat gedurende die jare 1945 tot 1946 van 2 tot 3 miljoen Duitsers van die honger sou omkom.

#### GODSDIENSREëLING

Ook die godsdiensvraagstuk is deur Amerika en Rusland in die oostelike deel van Europa opgelos.

Nadat die oostelike state soos bv. die Oossee-state, Pole, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye, Roemenië en Oos-Duitsland by Rusland gevoeg is, sou die vraagstuk as volg opgelos word:

In al die genoemde oostelike state van Europa sal die Russiese Ortodokse Kerk domineer onder die beleid van Stalin.

Die nuwe pous van die Russiese Ortodokse Kerk sal die patriarg van Moskou wees.

Dit was die praatjie wat Scandrett, die tweede hoogste amptenaar van die Amerikaanse herstelbetalingskommissie, gelewer het om sy vriende in te lig oor die gemeenskaplike politiek van Amerika en Rusland.

#### BEDANK

**Een van die deelnemers aan die eetmaal, 'n hooggeplaaste amptenaar, was so geskok oor die politieke oogmerke dat hy**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**'n verklaring aan sy departement ingedien het en dadelik om sy ontslag gevra het.**

Gelyktydig het die man ook aan alle vooraanstaande politici, ekonomiese leiers en kerk-leiers 'n verklaring gestuur.

Bogenoemde persone het toe dadelik by Truman en die Amerikaanse regering aangedring om onmiddellik die Morgenthau-plan te laat vaar. Maar ten spyte van alles probeer die linksgesindes hoofsaaklik Jode in die Amerikaanse departement van buitelandse sake nog steeds om die Duitse volk kwaad aan te doen.

## Van Die Os Op Die Esel

(Vervolg van bls. 2 kol. 5.)

Dit is die ontaarding van volksverteenwoordiging waarvoor die partypolitiek verantwoordelik is. Die uitgangspunt is nie meer die volk wat verteenwoordig moet word nie, maar die beroepspolitikus wat 'n setel moet verower.

Die kiesafdeling is nie meer daar terwille van die kiesers nie; dit is daar terwille van die beroepspolitikus.

### *Kiesafdeling Slegs 'n Bron van Inkomste*

Ek het my leser se sinspeling op die Franse Rewolusie waardeer. Oorspronklik het die feudale stelsel aan sy doel beantwoord omdat die edele leenheer 'n onmisbare funksie vervul het wat in belang was van die talryke leenmanne op sy landgoed. Die edelman in sy kasteel was die „vader" van die gewone mense wat op sy grond gewoon het. Met verloop van tyd het die feudale stelsel in verval geraak omdat die leenheer geen onmisbare funksie meer vervul het nie. Die edelman het in Parys aan die koning se hof gaan pronk en in weelde geleef op die belastings wat hy uit sy leenmanne gepers het — sonder om 'n teenprestasie te lewer. Dit is toe dat die hoogste sport bereik is en die feudale stelsel met edelmanne en al na benede getuimel het in Frankryk.

Daar is treffende ooreenkoms tussen die Franse edelman van die 18de eeu en die beroepspolitikus van die 20ste eeu. Net soos sy landgoed vir die Franse edelman slegs 'n bron van inkomste was, so is die kiesafdeling (my setel) vir die beroepspolitikus van vandag ook net 'n sagte stoel met 'n groen kussing daarop en 'n £1400-wors daaroor. Die volksverteenwoordiger het verdwyn en die beroepspolitikus het in sy skoene kom staan.

# DR. MALAN HET NIE NAS. PARTY GESTIG

**„Belangstellend,"** Stellenbosch, **skryf:**

Dit is, dink ek, noodsaaklik om so 'n bietjie die geskiedenis van die stigting van die Nasionale Party, Kaap, in die regte lig te stel. Miskien het mnr. J. A. Smith die voorgeskiedenis 'n bietjie vergeet.

Toe dr. Malan sy afskeidspreek in Graaff-Reinet gelewer het, het hy gesê: „Ek verlaat die kansel om die Volk weer te verenig."

Toe hy in Kaapstad kom het hy en, ek meen, dr. W. A. Hofmeyr en adv. De Waal onder andere 'n Herenigingsparty gestig nadat die Vrystaat en Transvaal die Nasionale Party gestig het.

Op De Aar het professor Fremantle en andere 'n kongres belê en die Kaapse N.P. gestig onder sy leierskap en, ek meen, mnr. Petrus van Heerden van Graaff-Reinet as voorsitter. Die Herenigingsparty is uitgenooi maar hulle het nie offisieel deelgeneem nie. Adv. J. H. de Waal, ek skryf onder korreksie, het die saak dopgehou. Hulle het toe met die gekose hoofbestuur ooreengekom om weer 'n kongres op Middelburg (Kaap) te hou op voorwaarde dat dr. Malan as leier gekies word. Professor Fremantle het dadelik ingewillig en is as voorsitter gekies. Van Middelburg het alle verdere ontwikkelinge plaasgevind soos deur mnr. Smith meegedeel.

## Lof Vir Blad

**Mnr. Herman Luitingh, Pretoria, skryf:**

Ek wil u net baie lof toeswaai vir die duidelike manier waarop u ons Afrikaner se saak stel. As dinge van my sou afhang sou ek 'n nog duideliker beleid wil verkondig nl.: Een Volk, die Boerevolk; een taal, Afrikaans; een vlag, die Vierkleur, binne die republiek van S.A. Laat ons vir eens en vir altyd sê Boer is Baas in Boer se land.

### Soos Ons Lesers Dit Sien

## Israel Maak Nie Vrede Met Duitsland

Duitsland se oorlog teen die Joodse volk kan nie as beëindig beskou word nie, lui 'n aankondiging wat deur die Israelse departement van buitelandse sake gedoen is.

Na aanleiding van die aankondiging van 'n aantal lande dat die oorlog tussen hulle en Duitsland beëindig is, verklaar die departement van buitelandse sake dat ses jaar na die beëindiging van vyandelikhede die Duitse volk nog nie geboet het of vergoed het vir die misdade wat deur die Nazi's gepleeg is nie.

So lank as wat hierdie toestand van sake voortduur, kan Duitsland se oorlog teen die Joodse volk nie as beëindig beskou word nie.

Israel het verlede Maart eise van 1,500,000,000 dollar as oorlogsvergoeding teen Duitsland ingestel.

## Korea Was Duur Oorlog Vir V.S.A.

Die Koreaanse oorlog wat as polisie-optrede deur die V.V.O. begin het, het die vierde bloedigste en duurste oorlog in die geskiedenis van Amerika geword.

In effens meer as 'n jaar het die bittere gevegte in Korea die V.S.A. meer manskappe en dollars gekos as die oorlog van 1812 en die Meksikaanse en die Spaans-Amerikaanse oorloë tesaam. Net in die tweede wêreldoorlog, die burgeroorlog en die eerste wêreldoorlog, in hierdie volgorde, het Amerika swaarder verliese gely.

Volgens die jongste amptelike verslae beloop die Amerikaanse verliese aan manskappe in Korea nou meer as 78,000, waarby 13,000 dooies en 52,000 gewondes ingesloten is. (Die werklike verliese is hoër, soos blyk uit 'n artikel elders in die uitgawe oor Korea.) Hoewel daar geen presiese syfers van die dollarkoste beskikbaar is nie, het die onderminister van verdediging, W. J. McNeill, onlangs gesê dat dit enigiets van 2,000,000,000 tot 10,000,000,000 kan wees. Daar moet egter onthou word dat pryse tans baie hoër is. Moderne wapens is meer ingewikkeld en soldate beter uitgerus.




Waar u ook mag wees




Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret

G1-3062-AH

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

**MEDISYNE**

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.** 6/12/5

**GRYSHARE**

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

**MEUBELS**

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

(Vervolg van kol. 5.)

'n Roomse dame wat ook in hierdie distrik woon, kon egter met die hulp van die Roomse kerk sonder moeite twee onopgeleide Roomse plaasarbeiders uit Italië invoer, wat dadelik deur die immigrasieraad toegelaat is. Hulle het by die genoemde dame werk aanvaar en het sedertdien spoorloos verdwyn. Die beleid van die minister in verband met vakmanskap en assimileerbaarheid bestaan dus eenvoudig nie vir die immigrasieraad nie. Van 'n amptenaar van die Nederlandse gesantskap verneem ek voorts dat van die Hollandse immigrante sedert 1949 tussen 75 en 80 persent Rooms is, hoewel die Roomse slegs 40 persent van die bevolking van Nederland uitmaak. Vir Nederlandse Gereformeerdes word dit feitlik geheel en al onmoontlik gemaak om te immigreer.




**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................................*

*.................................vir die eerste.........................maande.*

*NAAM*......................................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................................................

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## Ander Se Menings

# Partypolitiek Maak Ons Volk Oneerlik Sê Geleerde

**Die partypolitiek met sy onsedelike metodes word genoem as een van die belangrike oorsake waarom ons volk sedelik agteruit gaan deur prof. dr. H. C. Stoker van Potchefstroom, in 'n artikel in Die Kerkblad na aanleiding van min. N. C. Havenga se onlangse verklaring voor die Kaapstadse Sakekamer oor die Afrikaner se tekortkominge in die handel.**

In sy verklaring het mnr. Havenga onder meer gesê dat die direkteure en personeel van sommige Afrikaanse ondernemings nie onbesproke is en dat hy nie glo dat almal hul groot verantwoordelikheid besef en dat hy nie oortuig is dat hulle geen misbruik van hul posisies maak om hul eie belange regstreeks en onregstreeks te bevorder nie.

Prof. Stoker vra of die immoraliteit tot die sakewêreld beperk is. „Kan van alle Afrikaners in stadsrade, provinsiale en ander politieke rade, in die beroep van advokate en prokureurs, in mediese kringe, in die boeregemeenskap en in al die ander professies beweer word dat hulle onbesproke is en geen misbruik maak van hul posisies, nie omkoop en nie omkoopbaar is, nie bedrieg en uitoorlê en nie ander finansieel uitbuit nie?" Hoeveel Afrikaners probeer om op oneerlike wyse die Inkomstebelastingwet te ontduik, en hoeveel diefstalsake waarin Afrikaners betrokke is, kom nie voor ons howe nie?

### OORSAKE

Die skrywer verwys na faktore wat genoem word as oorsaak vir die sedelike agteruitgang. Daar is die ervaring wat die Afrikaner gehad het met die tipe Jood wat hom uitgebuit het, die gevolg van die Engelse oorlog, die oorstroming deur 'n moderne kultuur wat die Afrikaner losgeruk het van die grondslae van sy voorgeslagte, die godsdienstig-neutrale universiteite wat weens hul botsende standpunte opportuniste kweek, ens. Sekere oncalvinistiese neigings in kerke van ons land is ook medeskuldig. „Sodra 'n kerk sy belydenis nie meer streng handhaaf nie, sy kategetiese onderrig verwaarloos, sy prediking van die Heilige Skrif los maak, sy huisbesoek afskeep, sy tug nie streng beoefen nie, hom grotendeels beperk tot 'n eensydige emosionele godsdiens, sy oordeel oor ander lewensterreine (insover hulle van die wet van God afdwaal) nie laat hoor nie, dan word die weerstand wat sy lidmate teen die vreemde gode moet bied, verswak en ondermyn en leer hulle by gebrek aan die regte positiewe leiding nie om die regte te onderskei tussen wat die wil van God is en wat nie en word hul geloof geen ondersteunende krag in hul sedelike lewe nie.

### POLITIEK

**„Ook glo ek dat ons politieke lewe tot die sedelike agteruitgang van ons volk bygedra het. Ons politiek is gebaseer op 'n verkeerde vorm van demokrasie, 'n liberalistiese demokrasie wat uitgaan van die ongesonde partystryd (wat iets anders is as 'n stryd van rigtings en standpunte), waarin elke party sedelik geoorloofde en ongeoorloofde middels gebruik om die meeste stemme met verkiesings te werf om daardeur die regeermag te verower. Hoe dikwels is nie met verkiesings onuitvoerbare beloftes gegee, beginsels en ideale (wat stemme afskrik) verswyg, eie foute goedgepraat, die goeie punte van die teenstanders in diskrediet gebring, valse voorstellings gegee, van drogredes gebruik gemaak nie; ja, selfs van belastering, intimidasie en omkopery is soms gebruik gemaak. As ons daarop let hoe hartstogtelik ons volk aan politiek saamdoen en watter volkspedagogiese invloed daar van hierdie opportunistiese politieke stryd op die volk uitgaan, dan kan die politiek in hierdie opsig geen sedelik verheffende invloed op ons volkslewe gehad het nie."**

### SKOLE

Ons skole weer beklemtoon onderwys en sport en wedywer met mekaar om op hierdie terreine die beste resultate, liefs rekords te lewer, terwyl hulle aan karaktervorming nie voldoende aandag gee en by hulle as neutrale skole van dogmatiese Bybelonderrig en van deursuring van die ander skoolvakke deur hierdie onderrig min of eintlik geen sprake is nie.

„Wat die huislike opvoeding betref — let op die voorbeeld wat die ouers aan die kinders gee. **Hoeveel ouers leer hul kinders nie om ‚slim' te wees nie, 'n bietjie te kul nie, 'n bietjie uit te oorlê nie, 'n bietjie te skinder nie, 'n bietjie opstandig teenoor die gesag van hul onderwysers te wees nie, wit leuentjies te vertel nie, op treine hul ouderdom jonger te maak om goedkoper te kan reis nie, deur lekkers omgekoop te word om soet te wees nie, 'n bietjie stokkies te draai nie, teenoor besoekers hul anders te gedra as gewoonlik nie, en so meer.**

### ELKEEN SE PLIG

Ten slotte verklaar die skrywer dat elkeen by homself en in sy eie kring moet begin as ons ons volk wil hervorm. „En dit beteken dat elkeen in sy hart in die eerste plek teenoor God in die regte verhouding moet staan en Sy gebooie en ordinansies moet liefhê, sy skuld moet bely, sy lewe moet sien as 'n verantwoordelike roeping van God, verantwoordelik aan God, en verder dat hy in die regte verhouding tot sy naaste sal staan en nie selfsug, materiële winsbejag, sug na mag en eersug tot die ideale van sy lewe mag maak nie."

# Moet Ophou Swyg Oor Republiek

**„Na 'n tydperk van byna volslae swye aan regeringskant het die republikeinse ideaal plotseling weer op die voorgrond gekom tydens en na die viering van die 77e verjaardag van die eerste minister, skryf prof. S. du Toit in Koers.**

**„'n Mens kan moeilik begryp waarom hierdie belangrike saak so sporadies na vore moet kom. Hoe sal ons jong geslag deur hierdie ideaal besiel word, hoe sal ons andersdenkendes oortuig as ons daaroor swyg in alle tale? Dit word tyd dat die republikeinse ideaal op een of ander wyse doeltreffend gepropageer word as die dagbladers daarvoor geen ruimte kan afstaan nie.**

„Ons kan maar nie begryp waarom daar met so 'n uiterste behoedsaamheid oor hierdie saak gepraat word en dat daar gedurig verduidelikings moet kom nie. Ons weet dat die Nasionale Party beloof het om gedurende die leeftyd van hierdie parlement geen strydvraag van die republikeinse kwessie te maak nie. As die teenstanders dit nou eenmaal weet, sluit dit tog nie uit dat ons reguit oor ons ideaal mag praat nie."

# Moet Idee Met Idee Beveg

**„Die feit dat etlike honderdduisende Duitsers bereid is om vir 'n nazi-agtige party te stem, skyn aan te toon dat ons pogings tot ‚heropvoeding' skeef geloop het," skryf die buitengewone korrespondent van White Africa uit Engeland na aanleiding van die opkoms van nasionaal-sosialistiese partye in Duitsland. Hy vervolg:**

**„Een ding wat uit hierdie voorval duidelik word, is dat mens nie 'n idee kan doodmaak deur sy aanhangers dood te skiet nie, maar dat jy 'n beter idee in sy plek moet stel.** In ons huidige ideologiese oorlog met Rusland kom ons ongetwyfeld met 'n aantal grondige besware teen kommunisme, maar bied ons 'n alternatief wat waarlik alle sluimerende opposisie teen die Rooies in Oos-Europa tot ons banier sal lok?

„Daar bestaan 'n sekere ooreenkoms tussen die vorige oorlog en die huidige koue oorlog. **Klaarblyklik was ons ses-jarige oorlog teen nazisme nie geslaagd nie ten spyte van die feit dat geen land nog ooit so deeglik verslaan was as Duitsland in 1945 nie. Indien ons nog langer oorlog maak teen Rusland ten slotte om uit te vind dat die kommunisme nog steeds in ons midde is, sal dit 'n treurige vergoeding wees vir die offers wat ons gevra word om te bring. Dit sal miskien net so goed wees as die Westerse volke 'n ideologiese opknapping in hul eie kamp ondergaan."**

# Protestantse Immigrante

**J. Ferguson, De Wildt, skryf vir Die Transvaler:**

Terwyl dit die regering se verklaarde beleid is om slegs vakmanne met spesiale bekwaamhede as immigrante toe te laat, en daarby verder te let op die assimileerbaarheid van die betrokke persone, steur die immigrasieraad hom glad nie daaraan nie en pas presies die omgekeerde beleid toe.

Ek het bv. die afgelope twee jaar lank probeer om 'n Hollandse deskundige op die gebied van subtropiese vrugteteelt, te help immigreer, sy aansoeke is egter keer op keer, selfs na verloë van nasionale parlementslede, deur die immigrasieraad geweier — vir sover vasgestel kan word slegs omdat hy 'n Protestant is, en boonop nie so Engelsgesind as wat die immigrasieraad blykbaar graag sou wil hê nie.

(Vervolg op kol. 2.)

# So Werk Die Parlement: Opposisie Vrees Volk Sal Dink Hy Is Moeg!

**'n Groot deel van die tyd — waarskynlik die oorgrote deel van die tyd in die parlement word nie vir die bevordering van landsbelange gebruik nie, maar deur „Sy Majesteit se Opposisie" en „Sy Majesteit se Regering" verknaag in hul „spel" teen mekaar om besit van die regeringskussings. Hieronder volg nog 'n voorbeeld uit Hansard van die partygeskarrel — iets wat nooit in die ou Boererepublieke voorgekom het nie omdat daar geen Britse partystelsel in swang was nie:**

MNR. LAWRENCE: Soos gebruiklik is by hierdie geleenthede, het die Leier van die Opposisie die agb. Eerste Minister gevra watter wetgewende program die Regering vir die orige deel van die sitting beoog — watter wetgewing die Regering voornemens is om voor die sluiting van die sitting deur te voer. Die Leier van die Opposisie het daardie vraag aan die Eerste Minister gevra, 'n normale vraag in hoflike en bemiddelde woorde. Maar wat het ons gekry? Die agb. Eerste Minister het in hierdie Raad opgestaan om die Leier van die Opposisie te antwoord, nie om hom met inligting te beantwoord nie maar met beledigings. Die posisie is dat hulle ons eers raadpleeg en nou beledig hulle ons. Dit is die posisie. Die agb. Eerste Minister het ons met minagting behandel. Hy het gesê dat hy bly was om te sien dat die Raad nou gaan begin werk, die afleiding synde dat ons aan hierdie kant van die Raad nie met die werk van die Raad of met die werksaamhede van die land gehelp het nie.

MNR. TIGHY: En leeggeloop het.

MNR. LAWRENCE: Ek beweer dat dit heeltemal 'n ongeoorloofde opmerking was, 'n beledigende opmerking, en in die omstandighede van die saak was dit heeltemal ongeregverdig. 'n Mens sou gedink het, dat die agb. Eerste Minister die bemiddelde leiding van die Leier van die Opposisie vir 'n ander rede sou gevolg het, naamlik die motiewe, die stap van die Opposisie om by 'n vorige geleentheid tot 'n ooreenkoms te kom, buitekant verkeerd opgevat is. Ek weet nie wat die bron van „Die Burger" se inligting is nie en ek probeer nie met enige lid van die pers te baklei in verband met wat hulle publiseer nie. Maar as organe van die pers verklarings publiseer wat onjuis is in verband met agb. lede aan hierdie kant van die Raad of oor die program van werksaamhede van hierdie kant van die Raad — dit is nie 'n geval van fyngevoeligheid nie en ek verstaan die sensitiewe gevoelens van die Minister van Justisie toe vanmiddag na sy werksaamhede verwys is. Dit is nie 'n geval van fyngevoeligheid nie. Dit is 'n geval van feite. Lede van die Parlement en openbare figure ..

DIE MINISTER VAN JUSTISIE: „Suiderstem" was u koerant, en wat het dit gesê?

MNR. LAWRENCE: Lede van die publiek moet, as hulle tot die openbare lewe toetree, gewoond wees aan openbare kritiek en hulle dit laat geval; en enigeen wat liggeraak is oor openbare kritiek, moet liewers uit die openbare lewe gaan.

DIE MINISTER VAN JUSTISIE: (Onhoorbaar).

MNR. LAWRENCE: Dit lyk of die Minister van Justisie iets op sy gewete het. Ek het die reëls van hierdie Raad nageslaan. Daar is iets in verband met lede van hierdie Raad wat nie kan stem oor sake waarin hulle 'n bepaalde belang het nie. Ek wonder of dit op die agb. Minister se gewete is.

DIE MINISTER VAN JUSTISIE: Ek sê dat u Hoofsweep ook 'n direkteur van „Die Suiderstem" was.

MNR. LAWRENCE: Nee, nee. Ek wil hierdie punt heeltemal duidelik maak. Dit mag verlore wees in die oor-en-weer-geselsery wat op die oomblik plaasvind tussen die agb. Minister van Justisie en ander lede. Ons, aan hierdie kant van die Raad, maak nie beswaar teen kritiek nie. Ons maak nie beswaar teen die normale of selfs abnormale vorms van kritiek of belediging wat elke politikus en elke party moet ondergaan nie. Maar ons beweer dat wanneer onjuiste verklarings gemaak word oor feite, ons vasberade is om hulle in die reine te bring. **'n Berig het in die Regeringspers verskyn wat sê dat die Opposisie tou opgegooi het en dat ons nie in staat is om die werk van die sitting voort te sit nie. Ons was so kleinmoedig, so papbroekig en lafhartig, so uitgespook, dat ons eenvoudig nie in staat was om aan te gaan nie. Dit is die beskuldigings teen ons. Nou verwag** die agb. Minister van Finansies van my, as 'n lid van die Opposisie, om vir 'n mosie te stem wat my in die oë van die publiek veroordeel as iemand wat papbroekig is en nie meer die stryd kan voortsit nie. Daarom het die Leier van die Opposisie baie billik versoek dat daardie berig deur die Eerste Minister gerepudieer moet word. As die Eerste Minister billik was, sou hy dit gerepudieer het en sou hy gesê het dat dit nie in ooreenstemming is met die feite soos ek hulle verstaan nie, dat dit nie in ooreenstemming is met die ooreenkoms wat tussen die Swepe van die twee partye aangegaan is nie. Dit is wat ons aan hierdie kant van die Raad vra, mnr. die Speaker. Ons sê dat ons bereid is om tot hierdie mosie in te stem as dit duidelik gemaak word dat ons motiewe in hierdie saak nie verdink word nie. Ek wil weet of die Minister van Finansies dit sal repudieer?

DIE MINISTER VAN FINANSIES: Ek aanvaar geen verantwoordelikheid vir wat in die pers verskyn nie.

MNR. LAWRENCE: Dan stel die Minister van Finansies vir my in 'n baie moeilike posisie, soos hy met elke lid aan hierdie kant van die Raad doen. Want as ons vir hierdie mosie stem, as ek eenvoudig toelaat dat hierdie mosie deurgaan, dan stem ek stilswyend saam met die veroordeling van „Die Burger" en erken ek dat ek 'n deelgenoot was aan, en dat die Verenigde Party die voortou geneem het om vir hierdie oggendsittings te vra. U sien, mnr. die Speaker, die onhoudbare posisie waarin hierdie party geplaas is deur daardie indirekte en onbillike verslag. As die Minister van Finansies nie bereid is om dit te repudieer nie, dan vra ek die Sweep van die party daar anderkant, die agb. lid vir Mosselbaai (dr. Van Nierop), om dit te doen.

Totsover Hansard. En so het die geknaag oor 'n skimp teen die opposisie in die pers as sou die opposisie uitgespook wees, nog minute lank aangehou — en die volk betaal £3 per minuut vir Parlementêre „arbeid."

## Rolprent oor Pres. Kruger

Karfo, die Kerklike rolprentmaatskappy, het besluit dat een van sy eerste take sal wees om 'n rolprent te maak oor president Paul Kruger. Die draaiboek vir hierdie rolprent is reeds ver gevorder, en daar word verwag om reeds in September die eerste dele vir hierdie rolprent te verfilm.

Karfo het besluit om van die allerbeste tegniese werkskragte van oorsee gebruik te maak om hierdie film sy regte plek in ons volkslewe te laat neem.

# BRITTE GAAN GESELS OOR NUWE NAZI'S

Brittanje sal binnekort die vraagstuk van die herrysenis van nasionaal-sosialisme in Duitsland sowel as die Duitse bydrae tot die Westerse verdediging met sy bondgenote bespreek, volgens 'n aankondiging van die Britse minister in die parlement.

Inmiddels word berig dat die Wes-Duitse regering tans haastige maatreëls voorberei vir optrede teen die nuwe nazi-gesinde groepe in Duitsland. Die dag van afrekening is bepaal vir 1 Augustus, wanneer die federale hof wat uitspraak sal moet gee oor die grondwetlikheid van sulke organisasies, sitting sal neem. Die sogenaamde „stormtroepe" van die Sosialistiese Reichs-party is reeds verlede maand deur die regering verbied.

Die betrokke artikel in die grondwet waarkragtens opgetree sal word, lui dat organisasies verbied kan word wat teen die grondwetlike orde en die opvatting van goeie internasionale verstandhouding bemik is.

Die Sosialistiese Reichs-party het in die onlangse verkiesing in Benede-Sakse 16 setels verower.

## Rooies Opstandig In Teheran

Betogings van kommuniste in die hoofstad van Persië het tot 'n skietery gelei in die begin van die week. Die kommuniste maak beswaar teen die koms van pres. Truman se afgesant, Harriman, wat 'n oplossing wil probeer vind in die Brits-Persiese oliegeskil.

## VEROORDEELDE ROOIES VERDWYN UIT V.S.A.

**Groot opskudding is verlede week in Amerika verwek toe vier kommunistiese leiers wat tot lang tronkvonnisse veroordeel is op aanklag van hoogverraad, spoorloos verdwyn het.**

Elf leiers van die Amerikaanse Kommunistiese Party is 'n tyd gelede na 'n uitgetrekte verhoor tot verskillende termyne gevonnis. Hulle het egter geappelleer en hoewel hulle op borgtog uitgelaat was, is hulle onder voortdurende polisietoesig gehou. Net nadat die uitspraak van die hof bekend geword het — hul appèl het misluk — het vier van die hoofleiers onder die oë van die polisie uit verdwyn.

Die Amerikaanse volk is onthuts oor die klaarblyklike doeltreffendheid van die kommunistiese organisasie in die land.

**„Vandat die Afrikanerdom aan bewind gekom het op 26 Mei 1948 tot op datum het 890 meer Indiërs die land binnegekom as wat die land verlaat het," skryf A. O. Dippenaar in Die Transvaler.**

# Nie Torch Commando, Dog Nuwe Staat Is Nodig

**Die „War Veterans" noem hulself nou die War Veterans Torch Commando. In Afrikaans sal dit seker kortweg die Fakkelkommando heet. Hul grondwet sluit onder meer die volgende hoofbeginsels in:**

(1) „Om die vryheid van die enkeling te beskerm wat aanbidding, taal en meningsuiting betref."

Oor vryheid van aanbidding is daar in hierdie land sover seker nie veel rede tot klagte nie. Vryheid van taal bestaan daar ook, en waar dit nie bestaan nie, is dit natuurlik ons plig om hard daarop aan te dring. Of daar vryheid van meningsuiting bestaan: wel vra dit maar vir enige predikant, onderwyser, staatsamptenaar en baie ander mense. **Vra maar ook vir die koerante of hulle onder alle omstandighede meningsuitings sal publiseer wat verskil van hul eie!** Hier het die Fakkelkommando bepaald iets om hulle voor te beywer!

(2) „Om die behoud van regsoewereiniteit te verkry." Solank hierdie soewereiniteit binne sy eie kring gehandhaaf word, kan ons enige erkenning daarvan verwelkom. Maar die Fakkelkommando sal allig nog tot die besef kom dat die regsoewereiniteit die beste onaangetas sal bly as die regterlike, uitvoerende en wetgewende gesag behoorlik van mekaar geskei is: sodat ons aan die een kant het die regters en magistrate, dan die president (goewerneur) wat direk deur die volk gekies word, met sy uitvoerende gesag (kabinet) en dan die volksraad wat ook direk deur die volk gekies word. Indien niemand gelyktydig lid van sowel die regterlike, uitvoerende en wetgewende gesag kan wees nie, is daar ook beter kans dat die soewereiniteit van elke afsonderlike gesag gehandhaaf word.

**„TOTALITARISME"**

(3) „Om alle vorms van totalitarisme uit te roei, of dit fascisties of kommunisties is."

**Deur A. J. van Rooy**

Ongeag wat hulle in gedagte het, beteken hierdie stelling dat die Fakkelkommando daarop teë is dat 'n mens die volk of die staat of die arbeidsgemeenskap (proletariaat) gaan benadruk ten koste van die ander. Op papier klink dit goed. Die volk, die staat, die arbeidsgemeenskap, die gesag—elke ding het sy plek en moet in behoorlike harmonie gebring word sonder dat die een die ander verdring. Ons moet dus 'n staat hê wat terselfdertyd 'n gesagstaat en 'n volkstaat is, 'n staat waar daar vir die volk gesorg sal word maar waar elkeen ook sy plig sal hê, 'n staat met behoorlike gesag maar met behoorlike volksverteenwoordiging en 'n staat wat sal sorg dat geen groep ten koste van 'n ander bevoordeel word nie.

**HARMONIE**

(4) „En om rasseharmonie in die Unie te bevorder."

Nogal 'n lofwaardige doelstelling. Rasseharmonie beteken vrede en rus tussen Engelsman en Afrikaner, tussen blank en nie-blank.

**Die eerste vereiste is die herskepping van ons staatstelsel sodat ons nie beurtelings 'n Afrikanerregering en Engelse opposisie en dan weer 'n Engelse regering en 'n Afrikaner-opposisie kry nie. Ons moet dus 'n staat kry waar die uitvoerende gesag direk deur die volk gekies word en nie die uitvloeisel is van partyskappe binne die wetgewende gesag nie.** Laat ons almal gesamentlik ons staatshoof kies deur vrye verkiesing deur alle blanke stemgeregtigdes. Laat hy vir hom 'n uitvoerende raad saamstel — 'n „best-man government." En laat ons dan 'n volksraad kies waar elke distrik sy beste man as verteenwoordiger kies met die idee om die distrik te verteenwoordig en nie om A of B of C, wat sy leier is, aan bewind te kry nie. Die staatshoof is mos klaar aan bewind en kan alleen geraak word deur 'n staatshoofverkiesing en nie deur 'n algemene verkiesing nie.

Deur dan nog 'n tweede wetgewende vergadering te skep wat die beroepe en belange verteenwoordig, sal die kunsmatige rassestryd nog verder aan bande gelê word. Afrikaner en Engelssprekende se belange vloei op hierdie terrein dan mos saam, en wanneer 'n mens 'n „best-man government" het sal hulle wel beter weet as om die teëstelling blank-nie-blank 'n politieke speelbal te maak! „Politiek" soos ons dit vandag ken sal inderdaad grootliks verdwyn.

**Die ideale wat die Fakkelkommando nastrewe kan dus eintlik nooit verwesenlik word onder die stelsel wat hulle blykbaar wil handhaaf nie. Trouens, 'n nuwe organisasie om die bestaande instellings te handhaaf is heeltemal oorbodig — daarvoor sorg die politieke partye onverbeterlik!**

**'n Verenigde blanke volk in Suid-Afrika kan alleen opgebou word in 'n eenheidstaat — 'n staat gebou op die fondament „Eendrag maak mag." Die wat dit nog nie weet nie, sal dit mettertyd uitvind.**

# PARLEMENTÊRE SALARISSE MAAK DIT MOEILIK

## ENGELSE AS IMMIGRANTE

**Suid-Rhodesië het verlede week 'n nuwe immigrasieplan aangekondig wat beoog om aan die een kant alle immigrante behoorlik te laat keur en aan die ander kant dit vir Britte baie aantreklik te maak om na die land te kom deur onder andere 'n groot gedeelte van hul reiskoste na aankoms terug te betaal.**

**Suid-Rhodesië draai geen doekies om die feit dat hy sy land Engels wil hou nie. Daarenteen skep die Unie-regering die indruk of hy die oorwig aan Engelse immigrante nie tot die peil wil inkort wat die bestaande verhouding tussen die taalgroepe regverdig nie. Nog steeds beroep ministers hulle daarop dat Suid-Afrika 'n groter persentasie Engelse immigrante het as enige ander Britse dominium.**

Waar die Afrikaner se geboortevoorsprong reeds aan die kwyn is weens sy verstedeliking, is dit beslis hoog tyd dat daar 'n immigrasiebeleid neergelê word wat die Afrikaner se getalsverhouding sal beskerm. **Dit is baie hoog tyd dat die Unie nie langer as 'n Britse gebied beskou moet word wat diskrimineer teen alle ander lande wat nie Brits is nie, soos tot nogtoe die geval was.**

**'n Sloerstaking deur 'n deel van die spoorwegpersoneel is vinnig besig om die land se vervoer, en daarmee sy ekonomiese lewe, ernstig te ontwrig. Die werkers eis hoër lone.**

**Van regeringskant moet dit inderdaad 'n moeilike taak wees om hierdie sloerders tot besinning te roep so kort nadat die regering die salarisse van parlementariërs asmede hul eie so ruimskoots verhoog het.**

Toe dit bekend geword het dat die parlementêre salarisse met veertig persent verhoog gaan word, het Die O.B. die vraag gestel watter figuur sal mnr. Ben Schoeman in die toekoms slaan wanneer hy stakende werkers moet gaan vermaan om hul plig teenoor die land te doen en die las van hoë lewenskoste in 'n gewillige gees op hulle te neem?

**Die voorbeeld wat die politici gestel het met hul buitensporige salarisverhogings sal die land nog duur te staan kom.**

---

**Die ryk fosfaatneerslae in Noordoos-Transvaal is deur die regering oorgeneem en sal deur 'n ontwikkelingsmaatskappy op 'n utiliteitsgrondslag ontgin word, volgens 'n aankondiging van die minister van ekonomiese sake.** Die doel is om ons land heeltemal onafhanklik te maak van buitelandse bronne.

# HELE STRUKTUUR VAN SAMELEWING IS VERANDER

## Beplanning Is Nodig

**Die sosiaal-ekonomiese omwentelinge wat sedert die wending van die 19e eeu wêreldwye omvang en ingewikkeldheid aangeneem het, het die struktuur van die huidige samelewing ingrypend verander. Die 19e eeu se liberalisme, soos weerspieël in die laissez-faire-beleid van die demokrasie van daardie tyd, is uitgedien en die beplande gemeenskap het 'n feit geword wat mens moet aanvaar het prof. dr. J. de W. Keyter gesê toe hy die jaarvergadering van die Akademie vir Wetenskap en Kuns in Bloemfontein toegespreek het.**

Dit beteken egter nie dat die beplanning die regmatige vryheid van die enkeling noodwendig moet vernietig nie. Dit durf hy nie doen nie, want daardeur vernietig hy ook die regte gemeenskapslewe. Die kern van die vraagstuk moet gesoek word in die aard van die beplanning, dit wil sê in die norme waarvolgens beplanning geskied, want daarin lê opgesluit die begrippe van die mens, die gemeenskap en van vryheid en beplanning self. Hierdie vraagstuk kan alleen in sy volle draagwydte begryp word wanneer dit in sy sosiologiese verband gesien word.

### DIE ORGANIESE GEMEENSKAP

**Beplanning is wesentlik 'n inherente eienskap van die menslike lewe en dus ook van die gemeenskapslewe. Die aard van die orde waarop die menslike lewe rus, eis dat beplanning volgens norme moet plaasvind wat die waarde van die mens en die moontlikheid van die bevrediging van sy fundamentele menslike behoeftes moet eerbiedig.**

Hoe ingewikkelder die gemeenskapslewe word, hoe doelbewuster moet daar beplan word om die gemeenskapsorganisasie in stand te hou, maar solank daardie groepsverbande behoue bly waarin die enkeling se waarde erken word en hy sy behoeftes kan bevredig, voel die enkeling hom nie in sy vryhede en regte bedreig nie.

Wanneer daardie groepsverbande deur individualisme en materialisme vernietig en die menslike verhoudinge, en daarmee ook alle vorme van gesag en beheer veruiterlik word, ontstaan die konglomeraat in die plek van die organies-gefundeerde gemeenskap en verloor die enkeling sy sekuriteit. Hy word al meer „ontmens" en afhanklik van uiterlike staatsoptrede en as gevolg daarvan weer al meer bedreig in sy vryhede.

### ONTSIELING VAN DIE MENS

**In die Westerse demokrasieë het hierdie prosesse van ontbinding reeds ver gevorder en word verhaas deur die oorheersing van die sosiale wetenskappe en die natuurwetenskaplike benaderingstandpunt en metodologie. Dit het gelei tot die veruiterliking van die gemeenskapsbeplanning en „standaardisasie" van die menslike lewe waardeur die mens nog verder „ontsiel" en die gemeenskapslewe tot 'n meganiese orde vereenvoudig word. As gevolg daarvan word die enkeling al meer bewus van die frustrasie van sy menslike strewes en gevolglik van die bedreiging van sy regmatige vryheid.**

Vir Suid-Afrika, met sy besondere moeilike bevolkingsamestelling en verskeidenheid van kultuurgemeenskappe, is dit van die grootste belang dat sy beplanningsbeleid noukeurig rekening hou met hierdie feite.

### SOSIAAL - WETENSKAPLIKE BENADERING

Die universiteite sal onder meer 'n besondere taak moet vervul en sal twee vraagstukke vierkant in die oë moet kyk: Eerstens, die reoriëntasie van die sosiale wetenskappe (waaronder ook die mediese wetenskap) ten opsigte van hul benaderingstandpunt en metodologie sowel as die reorganisasie van hul onderlinge verhouding, en tweedens, die vraagstuk van 'n liberale of algemene akademiese opleiding teenoor 'n wetenskaplike beroepsopleiding.

Ten opsigte van eersgenoemde moet die oplossing daarin gesoek word dat die mens weer eerbiedig en na 'n sintese van die studiegebiede gesoek word. Ten opsigte van opleiding moet die oplossing gesoek word in die organisasie van die universiteite.

In hul leergange moet daadwerklik rekening gehou word met die huidige veranderinge in die behoeftes van die samelewing.

# Wapenstilstand In Korea Beplan

Kommunistiese en V.V.O.-afgesante het aan die begin van die week tot 'n vergelyk gekom oor 'n wapenstilstandkonferensie in Korea. Intussen vind daar nog steeds volksbetogings in Suid-Korea plaas teen die voorneme van die V.V.O.-magte om vrede te sluit met die 38ste breedtegraad as grens tussen Noord- en Suid-Korea, waardeur die vorige toestand maar net herstel word.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou

# Amerikaners Skok Europa Met Hul Kultuurloosheid

**Onlangs het ek die skokkende berig ontvang dat Amerika gewillig is om die kroon van die heilige Stephanus aan die kommunistiese regering van Hongarye uit te lewer, skryf ons buitelandse medewerker.**

**Vir die buitewêreld was dit verbasend toe in die begin van Mei 1951 bekend geword het dat Voegeler, die Amerikaanse industrialis, wat weens spioenasie vir Amerika deur 'n kommunistiese „volksgeregshof" te Budapest, tot 15 jaar hardepad veroordeel was, plotseling uit die tronk ontslaan is. Dit blyk nou dat daar 'n verband bestaan tussen sy ontslag en die Stephanus-kroon.**

**Vir die leser wat bekend is met die geskiedenis van Hongarye, sal dit begryplik wees dat die Stephanuskroon 'n groot betekenis vir Hongarye het.**

Koning Stephanus van Hongarye was nie alleen 'n goeie en bekwame koning nie, maar veral 'n regverdige en 'n goeie mens. Die volk van Hongarye het hom as 'n heilige beskou en na sy dood het die Katolieke Kerk hom derhalwe as heilig verklaar. Die kroon wat hy gedra het, is die waardevolste nasionale kultuurskat van Hongarye. By die inswering van die Hongaarse regeringsleiers word die Stephanus-kroon altyd gebruik.

Herhaaldelik is die kroon heimlik in veiligheid gebring om te verhoed dat dit in die hande van die vyand val.

Op 4 November 1944, met die val van die Horty-regering het die vraag weereens opgedaag, hoe die kroon in veiligheid gebring sal word.

Voordat die kroon egter gebêre is, het die Hongaarse regering eers die nuwe regent Franz Lzuallazsy op die kroon van die heilige Stephanus ingesweer. Nog in dieselfde nag, toe die Duitse garnisoen onder swaar vuur van die kommuniste gestaan het en die 4de Russiese Ukraïniese brigade reeds in die oostelike voorstede van Budapest ingedring het, besluit Hongaarse offisiere dat die kroon in veiligheid gebring moet word.

### AFGELEWER

Majoor Pajatas kry toe bevel om die kroon weg te bring. Op 27 Maart 1945 het die blye tyding bekend geword dat die majoor veilig oor die grens van Oostenryk na Duitsland gestap het.

Op 3 Mei 1945 kom majoor Pajatas in aanraking met die Amerikaners en hy oorhandig die kroon van die heilige Stephanus aan die bevelvoerder van die 7de Amerikaanse leër.

Sedert die dag is die kroon in die besit van die Amerikaners in Wes-Duitsland.

Nou verneem ek uit vertroulike bron van die onderhandelinge wat plaasgevind het oor Voegeler se ontslag. **Die kommuniste van Hongarye het glo vyf belangrike toegewings van die Amerikaners afgedwing. Twee van die toegewings handel oor die Hongaarse eiendom wat in Duitsland is.**

Die punte wat daarmee in verband staan, lui as volg:

Teruggawe van alle Hongaarse eiendom wat in besit van die Amerikaners in Duitsland is; en 'n Hongaarse kommissie sal in Duitsland verskyn en die toesig oor die insameling van die Hongaarse eiendom oorneem. Onder die Hongaarse eiendom val die Stephanus-kroon.

### GEEN KULTUURBESEF

Nou hang dit van Hongaarse en Duitse patriotte af of die kroon in die hande van die Hongaarse kommuniste gaan val of nie. Duitse en Hongaarse vroue bid dag en nag dat dit nie moet gebeur nie.

Maar onwillekeurig doem die vraag op: Hoe is dit moontlik dat Amerikaners die heilige kulturele skatte van vreemde nasies so minag?

Ja, ons moet verder vra watter waarde die Amerikaner oor die algemeen aan kultuur heg? en hoeveel hulle omgee vir die geskiedenis van die Hongare en vir die piëteit wat die volk vir die Stephanus-kroon voel?

Tot dusver het die Amerikaners nie blyke gegee dat hulle waarde heg aan die tradisieryke kulturele erfenisse van Europa nie.

Die president van Amerika het blykbaar nie eens geweet dat Duitsers die Sudetenland baie vroeër bewoon het as wat Amerika ontdek is nie. **Daarom het hy in die Potsdam-ooreenkoms aanbeveel dat drie miljoen Duitsers uit Sudetenland van huis en haard uit hul geboorteland weggejaag moet word.**

Niemand kan verwag dat 'n nasie wat nie op kultuur gebou is nie, en ook nie van plan is om 'n eie kultuur te skep nie, 'n begrip vir kulturele skatte van vreemde nasies kan hê nie.

Waar geen kultuur is nie, daar tier die materialisme en op materialisme groei net 'n handelaar-gees.

Daarom voel ek besorg oor die Stephanus-kroon, die belangrikste en waardevolste nasionale kultuurskat van Hongarye.

O.B. JAARGANGE
JAARGANG 1949—1950
Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.
PRAGTIG INGEBIND
*VOORRAAD BAIE BEPERK*
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

Kotzé
Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD